

## Het jy geweet?

Waterkwaliteit is vinnig besig om te verswak en hou 'n groot bedreiging in vir wêreldwye voedselproduksie. Besproeiingswater uit riviere, damme en boorgate is meer besmet met chemikalieë, bakterieë, chloriede, soute en verskeie swaarmetale as ooit tevore. Puricare se waterbehandelings-tegnologie bied die landbousektor die mees gevorderde oplossing om die probleem aan te spreek. Swak waterkwaliteit het 'n direkte invloed op die doeltreffendheid van besproeiingstelsels, veroorsaak onder andere grondkompaksie en boere sukkel om koste-effektiewe oplossings te vind.

Puricare se innoverende waterbehandelings-tegnologie los hierdie probleme op sonder om water te steriliseer. Die gespesialiseerde **Puricare Gevorderde Oksidasie Proses (P-AOP)** het geen skadelike uitwerking op besproeiingstelsels, water, grond of gewasse nie. Trouens, dit bevoordeel alle aspekte van volhoubare boerderypraktyke en is omgewingsvriendelik.

Puricare se waterbehandelings-tegnologie is nie net wetenskaplik nagevors nie, maar ook prakties bewys op operasionele plase waar Puricare deurgaans dieselfde resultate behaal - tevrede kliënte met skoon & doeltreffende besproeiingstelsels wat die meeste maak van hul beskikbare waterbronne.

### Lande

Puricare tegnologie is al in meer as **10 lande**, op vier kontinente bewys.

### Plase

Meer as **300 operasionele plase** het reeds Puricare tegnologie geïmplementeer

### Area

Om & by **50,000 hektaar** landbougrond ontvang Puricare behandelde water

### Water

Meer as **400 miljard liter** water word jaarliks met Puricare tegnologie behandel

## Die Puricare Eenheid is reeds deeglik bewys:

- Daar is geen beperking op die volume water wat behandel kan word nie
- Kan maklik op bestaande besproeiingstelsel geïnstalleer word
- Bekostigbare eenmalige kapitale uitgawe per hektaar
- Lewensverwagting van meer as 10 jaar
- Lae maandelikse bedryfskoste
- Maklik om te bestuur

Beter waterkwaliteit

Skoon besproeiingstelsels

**P-AOP**

(Puricare Gevorderde Oksidasie Proses)

Minder grondverdigting



## Puricare waterbehandeling laat jou besproeiingswater vir jou werk!

## Puricare - wen met beter waterkwaliteit!



Die **P-AOP** veroorsaak die volgende **chemiese, biologiese & fisiese** veranderinge in besproeiingswater:

- Die water se pH word effens meer na neutraal gebuffer.
- Karbonate word geoksideer na koolstofdoksied wat die vorming van kalsium- & magnesiumkarbonaat soute baie verlaag. Sodoende word die effek van soutwater verminder.
- Behandelde besproeiingswater sal hoër konsentrasies CO<sub>2</sub> & O<sub>2</sub> bevat.
- Chloriede & swaarmetale (bv. yster & mangaan) word geoksideer tot minder plantopneembare vorme wat toksisiteit verminder.
- Wanneer deeltjies of neerslag geoksideer word, verklein dit tot nanoskopiese groottes wat deur die filters en besproeiingstelsels beweeg sonder om dit te verstop.
- Giftige chemikalieë afkomstig van nywerhede, landbou asook riool word afgebreek tot minder skadelike vorms.
- Selwande van mikroörganismes wat in water teenwoordig is, word afgebreek.
- Turbiditeit verlaag en organiese materiaal word afgebreek.

## Puricare - wen met skoon besproeiingstelsels!


Die bron en kwaliteit van besproeiingswater bepaal hoeveel fisiese, biologiese & chemiese sediment of aanpaksels in die filters & besproeiingstelsels gedeponeer word asook die skoonmaak & bestuursvereistes daarvan.

Hierdie neerslag word gevorm deur verskeie kombinasies van slied, klei & organiese materiaal (fisiese bronne); bakterieë & alge (biologiese bronne); soute & minerale (chemiese bronne) in die besproeiingswater. Die neerslag vorm aanpaksels en kan besproeiingstelsels gedeeltelik of volledig laat verstop.

- Eenvormige toediening van water & kunsmis
- Minder spoel van hoof- / sublyne & terugspoel-siklusse van filters nodig
- Kostebesparings in arbeid & instandhouding
- Stelsel bly outomaties & voortdurend skoon

- Verlengde lewensduur & minder vervangingskoste

Die **P-AOP** werk in die water wat deur die besproeiingstelsel gelewer word en werk direk op die biologiese en chemiese neerslae. Dit breek die aanpaksels volledig af, verhoed enige verdere neerslagvorming en hou dus die besproeiingstelsel voortdurend skoon op 'n omgewingsvriendelike wyse.



## Puricare - wen met minder grondverdigting!

Oormatige soute in besproeiingswater veroorsaak wanbalanse in grondvrugbaarheid & dra by tot grondverdigting. Om hierdie probleme met algemene landboupraktyke & insette aan te spreek, is duur en nie altyd suksesvol nie.

Die **P-AOP** lei tot verskeie natuurlike chemiese reaksies in die besproeiingswater wat oorgedra word na die grondoplossing. Die uitsetting van kleideeltjies verminder drasties omdat kalsiumione die natrium op die kleikolloïede verplaas met die gevolglike toename in porie-volume tussen die gronddeeltjies. Gronddeurlugting word sodoende verbeter. Terselfdertyd word grondbiologie gestimuleer en die natuurlike prosesse bevorder grond- & gewasproduktiwiteit.



- Dieper & welige haarwortelgroei
- Beter waterinfiltrasie & waterverbruiksdoeltreffendheid
- Verhoogde beskikbaarheid van minerale & beter basisversadiging verhoudings
- Herstelde grondgesondheid & verbeterde waterhouvermoë
- Stel ander landbou-insette in staat om meer doeltreffend te werk

Kontak Puricare om die potensiaal van jou besproeiingswater te ontsluit!

[www.puricare.co.za](http://www.puricare.co.za)

[info@puricare.co.za](mailto:info@puricare.co.za)

044 874 0937

